

ALKOHOL EN DWELMMISBRUIK

1.0. ALGEMENE PARAMETERS WAARBINNE DIE SKOOL SE ANTI-ALKOHOL - EN DWELMBELEID GELD.

- 1.1. Op die skoolterrein
 - 1.1.1. Binne of buite skoolure
 - 1.1.2. In of sonder skooldrag
- 1.2. Op 'n skooluitstappie / weg van die skoolterrein :
 - 1.2.1. Binne of buite skoolure
 - 1.2.2. In of sonder skooldrag
- 1.3. Waar die skool verteenwoordig word.
 - 1.3.1. Binne of buite skoolure
 - 1.3.2. In of sonder skooldrag
- 1.4. As leerder van die skool geïdentifiseer
 - 1.4.1. Binne of buite skoolure
 - 1.4.2. In of sonder skooldrag
- 1.5. Bewus daarvan dat leerder met dwelms handeldryf
 - 1.5.1. As leerder van die skool
 - 1.5.2. Tot nadeel van die skool en ander leerders.

2.0. ALGEMENE BEGINSELS :

- 2.1. Die hoof en die beheerliggaam huldig die standpunt dat leerders wat betrokke is by enige vorm van dwelm- of - alkoholmisbruik, (hetsy met wettige of onwettige middels), skadelik is vir die beeld van die skool en dat dit tot nadeel van die welsyn van die totale leerderskorps strek. Sodanige gedrag is gevolglik streng verbode in alle omstandighede soos hierbo aangedui.
- 2.2. Die hoof en die beheerliggaam aanvaar egter dat samewerking met ouers / voogde noodsaaklik is ten einde leerders wat wel substansie misbruik, te ondersteun om ten volle te rehabiliteer.

3.0. WERKSWYSE :

- 3.1. Identifikasie van dwelmmisbruik by leerders

- 3.1.1. Ewekansige urientoetsing sal op 'n gereelde basis op die totale leerderskorps uitgevoer word.
 - 3.1.2. Die toetsing sal op 'n professionele wyse deur die personeel van SANRA uitgevoer word.
- 3.2. Vrywillige erkenning van 'n dwelmmisbruik program.
- 3.2.1. Die ouers / voogde sal verwittig word rakende reëlings om die betrokke leerder te verwys na SANRA , Pretoria Noord, met die oog op 'n evaluasie.
 - 3.2.2. Dit word as noodsaaklik geag dat die leerder toetree tot en volhard met 'n rehabilitasieprogram totdat sodanige leerder amptelik verklaar word vry te wees van afhanklikheid van enige simptome van middel afhanklikheid.
 - 3.2.3. Solank as wat die skool op gereelde grondslag van die leerder se vordering rondom die rehabilitasieprogram op die hoogte gehou word, sal die skool hom / haar deurlopend ondersteun.
 - 3.2.4. Die saak sal, sover moontlik, streng vertroulik hanteer word.
 - 3.2.5. Die hoof en die beheerliggaam behou die reg voor om te versoek dat die leerder van die skool verwyder word indien :
 - 3.2.5.1. Die leerder weier om toe te tree tot 'n rehabilitasieprogram of om dit te staak alvorens dit afgehandel is.
 - 3.2.5.2. Daar bewys is van verdere dwelmmisbruik.
- 3.3. Nie - vrywillige identifikasie van dwelmprobleem
- 3.3.1. Wanneer 'n informant (bv. 'n opvoeder, 'n mede-leerder of 'n ouer) 'n sterk vermoede rapporteer dat 'n leerder moontlik by een of ander vorm van substanmisbruik betrokke is, sal sodanige leerder met die inligting gekonfronteer word.
 - 3.3.2. Indien die leerder hierdie betrokkenheid ontken, sal die S.A.-Narkotika Buro of die plaaslike polisie se hulp deur die skool ontbied word.
 - 3.3.3. Die ouers / voogde sal verwittig word van stap hierbo genoem. Die leerder sal dan 'n verpligte urinetoets moet ondergaan en die ouers / voogde sal verantwoordelik wees vir die onkoste verbonde daaraan indien die uitslae positief is.
 - 3.3.4. Indien die toets positief is, sal reëlings getref word om die betrokke leerder na SANRA Kliniek vir evaluasie te verwys.
 - 3.3.5. Bepalings 2.2. tot 2.5.2. hierbo, sal dan van krag wees.
- 3.4. Handeldryf met dwelms
- 3.4.1. Indien 'n leerder verdink word van die handel in dwelms, sal NANAB of die plaaslike polisie deur die skool ontbied word.

- 3.4.2. Indien die leerder in hegtenis geneem word, sal die skool die leerder outomaties skors.
- 3.4.3. Die beheerliggaam sal as 'n saak van dringendheid, 'n formele dissiplinêre verhoor reël ten einde die skorsing te bekragtig.
- 3.4.4. Die Wet en voortspruitende prosesse sal hierna in werking tree.
- 3.4.5. Indien die leerder in die hof skuldig bevind word, sal die beheerliggaam 'n verdere dissiplinêre verhoor reël en versoek dat die hoof van die Gautengse Onderwysdepartement (Superintendent - generaal) die betrokke leerder so gou as moontlik suspendeer.

ZS